LAERSKOOL Durbanville PRIMARY SCHOOL

Weyerslaan
Durbanville 7550

Telefoon 021 - 976 8115 Telephone

E-pos / E-mail: office@durbieland.com

Weyers Avenue
Durbanville 7550

Omsendbrief 12/2021 23 September 2021

Geagte Ouers,

BEGROTING 2022

Die Beheerliggaam het op 20 September 2021 vergader en die voorgestelde begroting vir 2022 is eenparig deur al die lede aanvaar en goedgekeur. Die begrote verhoging op die jaarlikse skoolfonds beloop R780.00 of 3.95%.

Hiermee word u hartlik uitgenooi na die begrotingsvergadering van ***Laerskool Durbanville***. U teenwoordigheid by die vergadering bied u die geleentheid om insae te verkry in die voorgestelde begroting. Die Beheerliggaam wil die betaling van skoolfonds aanmoedig deur **eenmalige betaling** of **debietorderbetaling**. Derhalwe het die Beheerliggaam die volgende kortings voorlopig goedgekeur:

Skoolfonds	2022	Korting	2021
Volle bedrag	R 22,500.00		R 21,720.00
Eenmalige betaling van volle skoolfonds **voor 28 Februarie 2022**	R 21,550.00	R 950.00	R 20,820.00
Betaling slegs via **debietorder** (EFT uitgesluit) in **10 gelyke maandelikse paaiemente,** vanaf 31 Januarie tot 31 Oktober 2022.	R 21,760.00	R 740.00	R 21,020.00

Die voorgestelde begroting vir 2022, sal vanaf Maandag, 11 Oktober 2021, by me. Susan Smit beskikbaar wees vir besigtiging. Die kriteria en prosedures wat gevolg moet word vir gedeeltelike / algehele vrystelling van skoolfondse sal ook vanaf Maandag, 11 Oktober 2021, by me. Retha Boonzaaier beskikbaar wees. As gevolg van COVID-protokol, sal dit waardeer word, indien u 'n afspraak maak vir besigtiging / besoek.

BEGROTINGSVERGADERING VIR 2022

Datum: Maandag, 25 Oktober 2021 om 19h00 **Plek**: Laerskool Durbanville skoolsaal

AGENDA

1. Verwelkoming en opening
2. Teenwoordigheidsregister
3. Voorlees van notule – ouerbegrotingsvergadering, soos gehou op 05 November 2020
4. Begroting 2022
5. Goedkeuring van resolusies:
   - Bedrag van skoolfonds, terme van betaling en korting.
   - Kriteria en prosedures vir algehele, gedeeltelike en voorwaardelike vrystelling van skoolfonds.
   - Begroting 2022
   - Artikel 38A
   - Ko-kurrikulêre aktiwiteite
6. Ondertekening van begroting en afsluiting

Durbanville-groete

A. van der Merwe
VOORSITTER – FINANSIëLE KOMITEE

S. Smit
FINANSIëLE BESTUURDER

P. du Toit
SKOOLHOOF